St. Karel die Goeie

2 Maart

(1083-1124)

Hy was die seun van die Deense koning, Knoet IV, en Adelheid, dogter van die graaf van Vlaandere. Ná die moord van haar man vlug Adelheid terug na Vlaandere, waar Karel uiteindelik ook die graaf word. Hy beskou homself as sy volk se dienaar en vestig sy hof in Brugge waar hy onmiddellik begin om die onreg en armoede aan te spreek waaronder soveel van sy onderdane gebuk gegaan het. Hy probeer hulle teen die uitbuiting van die rykes en adel beskerm. Dit het hom in konflik gebring met baie van die hoëlui in die graafskap. Daar is komplotte teen hom gesmee en toe hy op ’n dag, soos dit sy gewoonte was, vroeg in die oggend by die altaar van Onse Liewe Vrou in die St. Donatiaanskerk gaan bid het, is hy wreed vermoor. Die gewone volk het hom gou as heilige begin vereer.